ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 16

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

18 Mei 2017

AKADEMIE

EKSAMEN

Die leerders gaan op **1e Junie 2017** begin om eksamen te skryf.

- Weens die baie kragonderbrekings wat ons ondervind het, het die eksamenafbakening eers later uitgegaan. Maak asb seker dat u dit ontvang het.

Die eksamenrooster lyk as volg:

Donderdag	**1/06**	**AFRIKAANS**
Vrydag	**2/06**	**EBW (net GR 7)**
Maandag	**5/06**	**TEGNOLOGIE (net Gr 7)**
Dinsdag	**6/06**	**SW**
Woensdag	**7/06**	**KUNS**
Donderdag	**8/06**	**ENGELS**
Vrydag	**9/06**	**LO**
Maandag	**12/06**	**WISKUNDE**
Dinsdag		
Woensdag	**14/06**	**NW**

DEPARTEMENTELE VRAESTELLE

Gr 3 en **Gr 6** leerders skryf dan ook Departementele vraestelle vir **ENGELS, WISKUNDE EN NW**.

- Die vraestelle word op dieselfde dag geskryf as die skool se vraestelle.

Dit is so belangrik om goed te doen in die vraestelle. Dit dra 'n sterk beeld van ons leerders se akademie uit na buite.

OPEDAG 25/05

(Gr 1's en Gr 1 ouers van 2018)

Ons **OPEDAG** vir voornemende **Gr 1's en Gr 1 ouers van 2018.**

- **Donderdag 25 Mei 2017** om **16:00 tot 18:00**

in die skoolsaal vir die ouers en die kleuters het 'n program buite!

STEYNEGROETE

SPORT

NETBAL

Baie geluk aan ons 0/11C span wat gelykop teen L/S Orion gespeel het. Trots op julle!

Ons 0/7 – 0/9 dogters speel Saterdag by L/S Rissiville. Sterkte vir elke spannetjie!

RUGBY

Geluk aan die 0/9A en 2e spanne met jul goeie wenne teen L/S Fairland.

Volgende week se wedstryd:

Dinsdag **:** 23 Mei te L/S Helderkruin (Roodepoort)

HEMELVAART

Op **Donderdag 25 Mei** het ons as skool 'n Hemelvaartdiens by H/S Alberton.

Dit begin om **10:00.**

Leerders beweeg **vanaf 09:00 onder toesig van onderwysers** soontoe.

Leerders kan 'n kombersie saambring om op te sit.

MATHEMAGICS-BRIEFIES

U ontvang vandag so briefie, hierdie is 'n privaat maatskappy en is nie verbonde aan die skool nie.

U is onder geen verpligting om enige briefie te voltooi nie. Dit is vrywillig.

GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2018

Die "on-line" registrasie vir Gr 1 - 2018 vorder goed. Indien u reeds geregistreer het en nog nie 'n inskrywingsvorm ontvang het nie, kom haal asb die inskrywingsvorm af by die skool.

Reeds voltooide inskrywingsvorms moet so spoedig moontlik terug-gebring word.
Navrae kan aan die skool gerig word.

KALOSSIE KLEUTERSKOOL 27/05

OPEDAG vir inskrywings 2018

KOM SKRYF IN VIR **2018.**

- Ons nooi ons voorskoolse ouers van kleuters in 2018 na Kalossie se opedag vir Gr R, RR en RRR.
- Dit gaan plaasvind op **Saterdag 27 Mei 2017** vanaf **08:00 tot 12:00.**

Kontak Nr: 011 907 8962

ADVERTENSIE